15 Maart 2022

NUUSBRIEF 2/2022

Geagte Ouers

Met die einde van die eerste kwartaal in sig, bring ons graag die volgende onder u aandag:

1. **RAPPORTE EN OUERAAND**

Rapporte word Woensdag, 16 Maart 2022, gedurende skoolure aan leerders oorhandig. 'n Oueraand is geskeduleer vir Woensdag, 6 April 2022 om 17:00 tot 18:30. Tydens hierdie oueraand sal die personeel graag met u gesprek wil voer rakende u kind se vordering. Ouers wat tevrede is met hul kind se vordering en gedrag, hoef nie die oueraand by te woon nie.

2. **SPORTTOERE**

Ons wens alle spanne en personeel wat gedurende die vakansie aan toernooie en klinieke deelneem, sterkte toe. Die O/9-, O/10-, O/11- en Eerste rugbyspanne woon vanaf Donderdag, 17 Maart 2022 tot Saterdag, 19 Maart 2022 'n kliniek en toernooi te Camp Discovery by.

Die Eerste netbalspan neem op 2 en 3 April 2022 deel aan 'n toernooi te Zwartkloof. Mag die vaardighede wat daar opgedoen word meehelp tot 'n suksesvolle seisoen wat voorlê.

Sterkte ook aan al ons atlete wat aan die SA-Kampioenskappe te Potchefstroom gaan deelneem gedurende die vakansie.

3. **DIENSVERLATING**: **ME LANDé ELLIS**

Me Landé Ellis verlaat ons aan die einde van hierdie kwartaal. Ons bedank haar graag vir uitmuntende diens gelewer in die ontvangskantoor en wens haar alle voorspoed toe op haar nuwe lewenspad.

4. **SKOOLSLUITING EN HEROPENING**

Die skool sluit Donderdag, 17 Maart 2022 om **10:00** en heropen weer op Dinsdag, 5 April 2022 om 07:15. Leerlinge mag Donderdag, 17 Maart 2022 met gewone klere skool bywoon.

Dankie aan elke ouerhuis vir u lojale ondersteuning die afgelope kwartaal. Dit bly altyd 'n groot voorreg vir my en die personeel om met u pragtige kinders te kan werk.

Groete

_____

Mnr J L M Venter
HOOF